

## 4 Desember

### Ek roep na die Here om hulp

**Skrifgedeelte: Psalm 142:1-8**

**Fokusgedeelte: Psalm 142:8**

Dawid vlug dikwels vir Saul. Twee keer skuil hy in grotte (1 Sam 22:1; 24:3). Saul wil hom doodmaak. Sy lewe is in gevaar. Dan stort hy sy hart voor God uit. “Ek roep na die Here om hulp, ek smee die Here om genade, ek stort my klag voor Hom uit en vertel Hom van my nood. Ek het alle moed verloor ... Ek soek hulp ... U is my toevlug ... Luister tog na my hulpgeroep, want ek is magteloos. Red my van my vervolgers ...”

As alle paaie na hulp op horisontale vlak vir Dawid na nêrens lei, is daar nog altyd een pad oop: die pad boontoe – na God toe. So ervaar ons dit ook dikwels. Hoe groot jou nood ook al mag wees:

- 'n ongeneeslike en langdurige siekte (jy is op die punt om moedeloos te word)
  - depressie (alles is donker en uitsigloos voor jou)
  - jy het een of ander wroeging in jou gemoed wat jou laat swaarkry
  - jy is eensaam (jou dierbare is miskien dood)
- onder al sulke omstandighede is jy *beslis nie* in 'n grot vasgekeer nie.

Met jou hand in God se hand, beland jy *nooit* in 'n doodloopstraat nie. God weet van jou nood en hartseer en verlange. Op sý tyd en op sý manier sal Hy ook vir jón uitkoms gee. Jesus het tog gesê: “Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee” (Matt 11:28). Hou vandag aan Hom vas!

*Sing: Psalm 18:3 (1936-beryming)*

*Dr. André Grové (Klerksdorp-Noord)*